

30 Januarie

Jakobus 1:19-27, (Teks: 1:19)

Goeie kommunikasie

Goeie kommunikasie is so belangrik. Dit bring begrip en rustigheid. Probleme ontstaan

baie keer juis deur swak kommunikasie.

In die eerste plek sê Jakobus ons moet "gou wees om te hoor". Om te luister en goed te luister is so belangrik en noodsaaklik. Soms ervaar ons, wanneer ons met iemand praat, dat die persoon se aandag nie by die gesprek is nie. Hoe frustrerend is dit nie? Die kommunikasie is verbreek. Dit geld ook ten opsigte van God en sy Woord. Wie nie goed na Gods Woord luister nie, verbreek die kontak en lei tot verkeerde gevolgtrekkinge en afdwaalpaaië.

As ons goed geluister het, sê Jakobus in die tweede plek, moet ons nou "stadig wees om te praat". Goeie kommunikasie bestaan daarin dat woorde reg gekies moet word. Hier struikel ons dikwels en dan maak ons mense seer en selfs kwaad. Weereens geld dit ten opsigte van God. Ons moet weet wie God is, sodat ons reg kan praat, kan bid en kan doen. Daarom dat ons Kategismus vra: "Wat hoort by 'n gebed wat God behaag en deur Hom verhoor word?"

In kommunikasie, sê Jakobus, moet ons, in die derde plek waak om nie kwaad te word nie. Ons moet eerlik luister en reg antwoord. Om te alle tye kalm te bly, is noodsaaklik vir voortgaande kommunikasie. Teenoor die Here moet en mag ons nie opstandig word nie. Wat Hy doen is altyd reg en ons moet dit in die geloof aanvaar. Hierdie gawes het die gelowige ontvang. Jakobus noem dit "die ingeplante Woord". Die gelowige moet egter die oue mens daagliks kruisig, sodat ons goed kan hoor, reg kan praat en altyd kalm en vriendelik kan bly.

Soos God in Jesus Christus met ons in gemeenskap tree en kommunikeer, moet ons uit dankbaarheid ook met God en met mekaar kommunikeer.

Sing: Psalm 7:2

Ds. A.H. Klopper (Kroonstad)